Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

ONS VOLK MOET OPHOU OM TEEN HOMSELF TE VEG — SOOS DIE PARTYSTELSEL VAN HOM EIS.

Die O.B.

ONS VOLK MOET VERENIGD TEEN SY VYANDE VEG — SOOS DIE VOLKSFRONT DIT VIR HOM MOONTLIK KAN MAAK

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 5 SEPTEMBER 1945. No. 41.

# VOLKSLEIER KAN NET GEKIES WORD DEUR VOLKSFRONT

## Oproep Om Te Breek Met Verdelende Stelsel

**„Die parlementêre partystelsel bepaal dat 'n volk nie 'n eenheid mag vorm nie. Dit bepaal dat 'n volk in twee vegtende kampe verdeel moet word, en hy wie se leier wen, kry as beloning die eerste ministerskap. Die party wat wen, word baas oor die staat totdat die ander party hom weer uitwerp. Daar moet voetbal gespeel word, 'n skrum word gevorm — 'n aanhoudende geveg oor die eerste ministerskap. Dit is die stelsel waarop verwag word dat ons 'n volk moet bou — ewige vyandskap tussen volksgenote, en dit onderwyl honderdduisende van ons mede-Afrikaners hongerlydend is. En dan noem ons onsself 'n Christelike volk", het die Adjunk-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, te Cedarville op 18 Aug. by geleentheid van O.B.-dagviering gesê.**

Genl. Smith het aangetoon hoe daar 'n eenheidsgevoel was onder die Voortrekkers. As die een in nood was, is daar nie gevra aan watter groep hy behoort nie, maar daar is toegesnel om hom te help. **Hul staat was gegrond op die beginsel van volksorg — een vir almal en almal vir een. Die eerste wetgewing het bepaal dat aan elke lid van die gemeenskap 'n plaas toegeken moes word. Daar is gesorg vir die weduwees en wese wat in die stryd verliese gely het.**

Maar toe kom die vreemde partystelsel wat met bajonette aan ons volk opgedring is in die plek van ons eie staatkundige stelsel. Die volksorggedagte is daardeur onderdruk en in die plek daarvan het gekom die stryd teen die mede-Afrikaner. Elkeen moet kant kies binne sy party teen alle ander volksgenote in ander partye, en die een moet die ander die brood en burgerregte ontneem.

### DIE WREEDSTE

Daar word vandag gehuiwer oor die wreedheid van die afgelope oorlog, waarin vroue en kinders deur bomme en vlamme verteer is. Maar selfs hierdie gewelddadige uitmoording is nie so wreed soos die uithongering van tienduisende vroue en kinders binne die huidige stelsel nie. **Wat kan wreder wees as dat 'n mens van sy geboorte tot sy sterfbed gedurig honger moet ly? En dit gebeur vandag met honderdduisende van ons volksgenote.** Onder die stelsel van partytwis word aan hierdie mense niks gedoen nie. Daar is nie tyd te midde van die politieke stryd vir hul versorging nie. En die gees van vyandskap belet ook dat daar iets gedoen word aan diegene wat nie aan **die eie party behoort nie.**

Nasionale koerante het tydens die oorlog geweier om 'n betaalde advertensie te plaas wat sê: „Ondersteun die Noodhulpfonds — daar is vroue en kinders wat honger ly". Is dit Christelik? Die Ossewabrandwag moes 3,600 siele vir drie-en-half jaar lank onderhou en dit het hom £75,000 gekos. **Maar nie een enkele blad wat gegrond was op die partystelsel wou teen betaling 'n Christelike oproep in hul belang doen nie. Dit is waar hierdie vreemde ingevoerde stelsel ons gebring het.**

### VYANDSKAP

In 1938, met die Ossewatrek, het ons mekaar gevind en die jaar daarop het ons by Monumentkoppie gesweer om mekaar se hande nooit weer te los nie. Vandag blyk dit niks anders as godslastering te gewees het nie, want u word uitgeskop uit die sosiale en politieke lewe. Dr. Malan het, sover dit sy party betref, georden dat u as lid van die O.B. geen deel het aan die demokrasie nie, en deur die party aan bewind is u in kampe gegooi en vandag moet 33 Afrikaners nog vlug terwille van hul vryheid. **U burgerreg is u ontneem, want daarbuite mag kaffers vergaderings hou sonder toesig van speurders, maar wanneer u bymekaar kom, word u omring deur speurders en polisie.**

Die oorsaak van dit alles lê by die partystelsel met sy kweking van haat en broedertwis. Daarom beywer die Ossewabrandwag hom nou vir 'n volksfront en ons nooi alle groepe uit om saam 'n front te vorm in belang van die volk en nie in belang van enkele partye nie. Aan die partye sê ons:

### UITNODIGING

„Bring jul kragte saam met dié van ons. Daar is 987 O.B.-kommando's in die land, en ons nooi julle uit tot samewerking en nie tot 'n geveg nie. Moenie die volk wysmaak dat julle ook hervormings beoog nie, want julle is werktuie van daardie stelsel. Kom saam met ons, Afrikanerbroers in die Nasionale Party, Verenigde Party of watter ander party, en help ons om hierdie stelsel te vernietig en 'n eenheidstaat op te bou wat op volksorg en ware Christelikheid sal rus. Dit is en bly die oproep van die Ossewabrandwag. **As enigeen van julle 'n leier het wat julle meen groot genoeg is om 'n volksleier te wees, bring hom en laat ons hom tot president kies in plaas van dat julle hom verneder om 'n blote partyleier te wees en te bly. 'n Volksleier kan hy alleen word as hy deur 'n volksfront gekies word, maar nooit deur 'n partyverkiesing nie. In 'n volksfront sal u leier ook ons leier wees en ons leier u leier, want ons sal nie meer partye hê, elk met sy eie leier wat eerste minister moet word nie.**

Laat elkeen, onder watter banier hy ook al veg, begin om hierdie stelsel van verdeeldheid teen te werk — beoefen dit minder. Moenie nog meer vuur bysit as die gras aan die brand is nie maar help ons om dit dood te slaan, het genl. Smith ten slotte gesê.

## K.G. Deur Oos-Tvl.— Stories Ontmasker

Die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, het 'n reeks geslaagde vergaderings in Oos-Transvaal gehou, waaronder Hendrina besonder goed was. Hy het die verhouding van die O.B. tot na-oorlogse ontwikkeling behandel, en het veral die absolute selfstandigheid van die O.B. los van alle partye, groepe of enige ander organisasie beklemtoon; verder het hy die ondersteuning wat van O.B.-kant aan 'n anti-kommunistiese afweer gegee sal word, op die voorgrond gestel.

'n Goeie vergadering is ook op Groblersdal gehou, wat geesdriftig afgeloop het, en die nek inslaan van Malaniet-stories van „massa-oorlopery" van O.B.-kant. „Oorlopery" en „weghardlopery" laat ons aan politici oor.—(Ingestuur).


### BULTFONTEIN VOORUIT

Die Bultfontein-kommando (C4a1) het met Fondsdag sewentig pond ingesamel. Dit is twee keer soveel as die vorige jaar — wat 'n mooi prestasie is vir so 'n klein kommando.—(Ingestuur).

## Kirkwood Samel £50 meer In

Op 11 Augustus is die jaarlikse Fondsdagviering deur die Kirkwood-se manne- en vrouekommando's waargeneem. Alle brandwagte en lede van die Boerejeug het ywerig gewerk, reeds weke voorafgaande die bepaalde datum.

Die Saterdagmore is 'n basaar gehou in die plaaslike Afrikanersaal en die stoutste verwagtings is ver oortref. Die organisasie en ondersteuning was in een woord puik, **en die pragtige bedrag van £350 is geïn, vergeleke met verlede jaar se £300. Hiervan is £24 deur die groepie flukse Boerejeug byeengebring.**



**Genl. Schoeman.**

Die middag is die vlaghysings- en strykingsplegtigheid deur die Wag uitgevoer. Om agtuur die aand is die kommando's op besielende wyse toegespreek deur hfgenl. Jurgens Schoeman van Oudtshoorn. Hy het kragtiglik die sosiale stryd in ons land geskets en gewys op die onontbeerlike rol van die O.B. as magsfaktor op daardie gebied. Al meer en meer kom Afrikaners, binne sowel as buite die Volksbeweging, tot die noodwendige besef dat nasionalisme in Suid-Afrika alleen kan seëvier indien dit berus op sosiale geregtigheid.

Dwarsdeur die dag was die gees aller-pragtigs en weereens is bewys gelewer dat op Kirkwood die O.B. ten volle lewe en as toonaangewende organisasie die voortou neem.

### £100 VAN EDENVILLE

Die kommando's van Edenville het weereens op 8 Augustus, by geleentheid van Ossewabrandwagdag, op die plaas van mnr. M. N. Slabber naby Edenville die ywer vir fondse bekroon met 'n pragtige opbrengs. Braaivleis en ander verversings is aangebied, en 'n verkoping gehou van artikels deur die kommando's vervaardig, het die pragtige bedrag van meer as £100 ingebring. 'n Gees van samewerking en offervaardigheid het die verrigtings van die middag gekenmerk. Met bydraes nog uitstaande gaan die syfer van verlede jaar gewis oorskry word. — (Ingestuur).

*ALGEMENE HANDELAAR*
en
*PRODUKTE KOPER*
**S. J. KRYNAUW**
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 63 Bus 64
**BEAUFORT-WES.**

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7135) NEWTON

**AKSIE!**
*HANDHAAF U EIE TAAL!*
Stuur u naam, adres en 2/6 ledegeld (vir eerste jaar) aan:
SEKRETARIS
*HANDHAWERS-ORGANISASIE*
Posbus 180 — Stellenbosch

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Ons Wag Daarop

As Die O.B. ontkennings moet doen van alles wat politici op hul omswerwinge teen hom uitkwyl, sal ons elke week 'n spesiale uitgawe daaraan moet wy. 'n Randse Sap-politikus met die misleidende naam van Gert Heyns, het aan sy Engelse kiesers beduie dat die O.B. se onthouding aan die verkiesing in Kimberley-distrik die uitslag kan beïnvloed. Om sy eie vel te red binne sy rooi kiesafdeling, moes hy die volgende dag alle sweem van O.B.-smet afwas by wyse van 'n kategoriese ontkenning dat hy moontlik iets met die O.B. te doen kon gehad het. Hy het verkies om dit so te doen dat H.N.P.-blaaie dit aangegryp het as bewys dat die O.B.-leiding samewerking met die Sappe sou gesoek het, maar dat die Sappe dit geweier het!

In die lig van die K.G. se uitdruklike verklaring dat **„vir die O.B.-gesinde kieser is die V.P.-kandidaat vanselfsprekend buite die kwessie"**, kan dit nogal belangwekkend wees as mnr. Heyns of Die Burger die besonderhede en aard van die poging tot samewerking openbaar wil maak, met insluiting van die naam van die betrokke O.B.-leier. Vir Die Burger en Volksblad veral, wat 'n sterk saak daaruit opgebou het, behoort dit heel gemaklik te wees om dit te doen. Ons wag daarop.

## Tenders Gevra

**Boukontrakteurs word hiermee uitgenooi om hulle name onmiddellik in te handig by ondergetekende indien hulle begerig is om 'n tender in te dien vir die bou van 'n NUWE DRUKKERY met ADMINISTRATIEWE KANTORE te STELLENBOSCH.**

**J. ANTHONIE SMITH,**
**Argitek,**
**Groote Kerk-gebou 725,**
**KAAPSTAD.**

# VOLK GAAN NIE MEER VEG TEEN HOMSELF

## Noordweste Ryp vir Volksfront

**„Die Noordweste is klaar met partypolitiek. Die handskrif is duidelik sigbaar aan die muur", het hoofkomdt. W. R. Laubscher, Kaaplandse voorligtingsoffisier, verklaar, by sy terugkeer van 'n uitgebreide reis in die afdeling van generaal F. M. Joubert van Kakamas. „Ek het die digste bevolkte deel van die Noordweste besoek. My reis het gegaan van Buchuberg tot by Kakamas. Oral het ek die Ossewabrandwag sterk en geesdriftig aangetref. In hierdie dele is die Volksbeweging beslis die kragtigste politieke faktor".**

Komdt. Laubscher het vergaderings toegespreek op Buchuberg, Groblershoop, Karos en Grootdrink-Wilgenhoutsdrift. Op laasgenoemde plek het 'n netjiese erewag die spreker, wat op al die plekke vergesel was van hoofkomdt J. H. Gouws, verwelkom, en het 'n groot aantal nuwe offisiere die eed op plegtige wyse afgelê. Voorts het hy in geselskap van hoofgenl. De Wet Strauss opgetree op Straussburg, Upington en Kanoneiland. Tewens ook op Keimoes, Kakamas, Alheit, Perde-eiland en Rhenosterkop, waar die spreker oral bygestaan is deur die plaaslike generaal-in-bevel, dr. F. M. Joubert, met 'n perdekommando ingewag en geleide gedoen is na die vergaderplek.

Komdt. Laubscher het oral die stryd en oorwinning van die Ossewabrandwag gedurende die wrange oorlogsjare geskets en geloof. **Hy het voorts aangetoon dat die O.B. tans besig is om 'n nuwe gedagte in die vredespolitiek van die volk in te dra — die gedagte nl. dat die volk voortaan gaan veg as 'n volk in 'n volksfront teen sy vyande, en nie langer as verdeelde brokstukke in partyfronte teen homself nie.** Die O.B. gaan ook die nerings van die volk seggenskap gee in die bestuur van die land, sodat die bestaanslewe van die volk beveilig kan word.

### NUWE MOED

Oral het ek gevind dat die Ossewabrandwag se oproep tot en omlyning van die vredestryd nuwe moed en besieling bring, het komdt. Laubscher gesê. My indruk dat die mense vir goed gebreek het met die partystelsel van die ou kapitalistiese bedeling, is telkemale uit onverwagte oord onderstreep. **Ek is oortuig daarvan dat partykandidate in die toekoms bitter swaar sal lewe sowel in die huidige kiesafdeling van Gordonia as in Prieska. Die mense is sat vir partytwis. Hulle eis volkskandidate.**

Soos begryplik is, vind die sosialistiese gedagte van beroeps- of arbeidseggenskap deur middel van beroeps- of arbeidsverteenwoordigers kragtige steun by 'n volk wat deur die jare heen blootgestel is aan roekelose kapitalistiese uitbuiting. Die volk is onverbiddelik in sy eis om ekonomiese vryheid ten einde sy politieke eenheid en selfstandigheid te onderskraag en te behou.

### DROOGTE

Komdt. Laubscher verklaar dat die Noordweste van Kaapland tans geteister word deur 'n knellende droogte. Boere trek selfs honderde myle ver om weiding vir hul vee te kry. Veevoer, b.v. mielies, is totaal onverkrygbaar. Temidde van dit alles lê daar 'n streep grond, 700,000 morge groot, al langs die seekus, vanaf Grootrivier-mond tot byna by Strandfontein, naby Vanrhynsdorp. Hierdie grond behoort aan De Beers Maatskappy, 'n filiaal van die hoogkapitalistiese kartel Imperial Chemical Industries. **Hoewel op hierdie duisende morge nog volop gras is, is dit gesluit vir die veeboere, omdat dit die maatskappy se diamantveld is. Intussen kan die boere se vee glo maar vrek en kan vleisloosheid veroorsaak of vererger word. Maar grootkapitaal behou sy eie.**

Dit is vir my duidelik, het komdt. Laubscher besluit, dat die Ossewabrandwag se strewe na 'n volkstaat, vry van partypolitieke knoeiery en kapitalistiese uitbuitery, nie net 'n mooi ideaal is nie, maar so'n dringende behoefte is, dat as niks anders dit tot stand bring nie, die volksnood dit tot stand sal kerm.

# GEEN GROND VIR VERDEELDHEID

„Ook in hierdie oorlog het die kwessie van onafhanklikheid op die voorgrond getree **en daar was volksgroepe wat buitelandse diktatorskap verwelkom het. Maar hierteen het die Nasionale Party hom verset"**. Aldus dr. Malan verlede week op Graafwater.

Miskien sien dr. Malan in hierdie „verwelkoming" van vreemde diktatorskappe rede om samewerking met die O.B. te weier. Miskien sal hierdie rede verval as hy herinner word aan wat hy in Pretoria gesê het volgens Die Burger van 2 Junie 1942, net nadat hy 'n beroep op die volk gedoen het om hulle nie te laat opkommandeer nie:


> „As ons volk duidelik die houding aanneem dat ons samewerking IN ENIGE OPSIG IN DIE OORLOG weier, verwag ons op die geskikte tyd 'n gesaghebbende verklaring van Duitsland en Italië wat hulle met Suid-Afrika voor het. **Ons verwag 'n verklaring of dit die plan is dat ons onder Duitse of Italiaanse gesag moet staan . . .** Ons hoop dat hulle sal sê dat Suid-Afrika 'n vrye, onafhanklike republiek sal wees".

Dr. Malan was dus bereid om as Duitsland of Italië nie ons vryheid gee weens ons houding in die oorlog nie, om hulle diktatuur te aanvaar, soos ook blyk uit sy toespraak op 25 Maart 1941 te Stellenbosch, soos gerapporteer in Die Burger:

> „Gaan daardie stelsel (nasionaal-sosialisme) as Duitsland wen die eis van die oorwinnaar in die oorlog wees? **In daardie geval het ons geen keuse nie"**.

Waarom verydel dr. Malan samewerking met sulke aantygings soos op Graafwater waaraan hyself skuldig is?

**„UITGEEGELD"..**



**of TOEKOMSTIGE KAPITAAL?**

Dit hang van uself af! Daardie paar pennies of stukkies silwer wat as kleingeld oorbly na u uitgawes van die dag—en wat u moontlik maar as „uitgeegeld" gebruik omdat hulle miskien te min lyk vir iets anders—kan vir u VANDAG reeds 'n kapitaalbaat aankoop wat 'n redding vir u gesin of vir u eie oudag kan beteken. (By voorbeeld: 1s. per dag kan vir u teen u sestigste verjaardag ongeveer £1,000 kontant oplewer!)

SANLAM

* Laat SANLAM daardie stuiwers vir u omsit in versekerde toekomstige kapitaal!

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

7268-7

# Wil Vakmanne Uit Engeland Invoer

## Opleiding van Landseuns in die Verlede Verhoed

**Sen. Clarkson, Minister van Poswese en Boukontroleur, het verlede week gesê dat hy sy bes gedoen het toe hy in Engeland was, om Britse vakmanne te beweeg om na die Unie te kom, maar die Britse owerheid is nie bereid om hulle te laat gaan nie, selfs al wil hulle.**

**Hier het ons nou 'n voorbeeld van die gesamentlike verknoeiing van die volkslewe deur partypolitiek en uitlandse beheer oor ons vakbondwese.**

Omdat baie van die vakbonde in die hande van vreemdelinge is, wat meer besorg is oor hul eie posisie as die welvaart van die volk, het hulle al die jare nog 'n kortsigtige beleid gevolg om die aantal vakmanne tot 'n minimum te beperk. **Al het die behoeftes van Suid-Afrika vermeerder, het hierdie klompie vreemdelinge maar voortgeboer met hul beperkings op die opleiding van Afrikaanse seuns. As daar 'n tekort kom, wel, dan voer hulle maar nog meer vreemdelinge van buite in om die vakbond sterker te maak in hul belang. Duisende Afrikanerseuns moes maar ongeskoolde arbeid doen en is belet om in hul eie land bevorder te word.**

Die partypolitiek op sy beurt weer het hierdie euwel laat voortwoeker omdat hy geen belangstelling in die algemene welvaart van die volk het nie. **Al sy belangstelling word in beslag geneem deur die stryd om 'n volgende verkiesing te wen, en vir die Engelsgekleurde politieke party is dit voordelig as vakmanne van buite ingevoer word om die Engelse stemkrag te vergroot.**

'n Regering wat groei uit die volkslewe self, en dus nie afhanklik is van ingevoerde stemme nie of meer besorgd is oor verkiesings as volkswelvaart nie, sou so'n skewe ontwikkeling nooit toegelaat het nie. **Die vakbonde sou dan deel van die volkslewe uitgemaak het, en dus ingeskakel gewees het by alle ander vertakkinge van die volk.**

Onder die huidige stelsel is die volk op alle gebiede opgesplits in vegtende bendes wat elk net sy eie klein belange probeer bevorder ten koste van die geheel. Daarom bepleit die Ossewabrandwag 'n eenheidstaat waarin alle vertakkinge van die volkslewe — die beroepe, nasionale en kulturele organisasies — saamgeskakel sal word in die staatsbestuur. **Dan sal die staat fungeer soos die liggaam van die mens — elke orgaan of onderdeel sal sy bydrae lewer in belang van die geheel, en die geheel in belang van elke onderdeel.**

### BOEREJEUG HOU UITSTAPPIE

Op Potchefstroom het Veldkornetskap JE8a2 goed gebruik gemaak van 6 Aug. 'n Uitstappie is gereël en van die dames-veldkornetskappe is ook uitgenooi. Die oggend is goed deurgebring in teenwoordigheid van Jeugkommandant Hennie Coetzee, en die middag is ons vergas deur die Jeugleier en sy eggenote. Die Generaal het tot ons 'n kort woordjie van aanmoediging gerig, waarvoor ons hom opreg dankbaar is. Ook komdt. Coetzee se wenke i.v.m. ons naderende funksie, is vir ons van groot waarde. Die leiding van die uitstappie het berus op Jeugveldkornet P. Labuschagne, wat ook vir die sukses daarvan verantwoordelik was. — (Korr.)

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

### Oorstromings

Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:

Ek het die geleentheid gehad om baie van die oorstroomde dele van Kuilsrivier en Tiervlei te besigtig.

Wat my besonder getref het, is die veeltallige woonstede wat op laagliggende gronde tussen Goodwood en Parow staan, en die vraag verrys of kopers van persele van behoorlik gedreineerde omgewings gewaarborg word.

Ek het bemerk dat geteerde paaie baie hoër is as die aangrensende wonings en in etlike gevalle van geboue wat gestaan het voordat die verhoogde paaie aangebring was. Die dreinering is daar alles behalwe toereikend vir afvoer. Miskien was die afvoer voldoende voordat riviere en lope hul walle oorskry het. In dié mening word ek gesteun deur 'n vraag wat op 'n protesvergadering uitgespreek is, nl.: „Hoe is dit met die rivierbedding hoër op of laer af gestel?" Ek het op plekke afgekom waar draadheinings oor 'n rivier voor 'n brug, waar opdrifsels teen spoel, gespan is. Die draad is eindelik platgedruk, maar nie voordat die water op ander mans grond tereggekom het nie.

Hier is 'n welige groei van Port Jackson en Rooikrans wat as versperrings in die rivierlope dien. Nogal 'n probleem vir rivierrade. Tot 'n 15 jaar gelede was oorstromings 'n jaarlikse gebeurtenis in Engeland. Die rivierbeddings is skoongemaak en tans is oorstromings 'n seldsaamheid, of beperk tot 'n onmiddellike omgewing.

### EIE PERS

Mnr. A. H. Winterbach, Pk. Clawer, Witbank, skryf:

Reeds vir geruime tyd ontvang ek die O.B.-koerant. Elke eksemplaar wat my bereik, besiel my met meer moed en meer krag.

Ek sien uit na die tyd wanneer ons eie pers se ratte rol, om aan die wêreld te toon ons beginsels en ons vertroue in ons volk. Ek sien die dag reeds breek in al sy heerlikheid vir ons volk.

Onder leiding van ons K.G., met behulp en standvastigheid van elke O.B., glo ek dat ons, met die leiding van God, sal seëvier.





Paarl Monumente-Werke
(Eien.) Bpk.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)
SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS
Direkteure:
L. A. B. Bohlmann — M. Bohlmann
Gevestig 1898

SASBANK
*Verrig Volksdiens!*
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

ONS STAAN IN DIENS VAN DIE BOEREVOLK VIR ALLES
SONOP
BLOEMFONTEIN
DIE WINKEL MET 'N IDEAAL

ROELOU BARRY
(EDMS.) BPK.
GARAGES EN HANDELAARS
Vir Diens te:
Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Koebergweg, Brooklyn, Kaapstad
Laingsburg




„Onthou u vir Van der Merwe?"

„O! ja! . . . hy het geluk gehad — een van die Afdelingsbestuurders is plotseling oorlede en hy is in die betrekking ingeskuif".

Hoe dikwels hoor u nie so'n opmerking nie? Taamlik dikwels — dit wil voorkom asof die meeste welvarende manne hulle sukses aan die grillige noodlot te danke het. Maar gaan maar op sulke suksesvolle manne se loopbane in — een ding staan in elke geval as 'n paal bo water — dit is nie geluk of geniale aanleg of begiftiging deur 'n ryk bloedverwant nie, dit is OPLEIDING. Dit was die geval met Van der Merwe — die vermoë om vooruit te sien, opleiding, kwalifikasie — hy was gereed toe die kans gekom het. U weet nooit wanneer u groot kans gaan kom nie maar u kan nou begin om seker te maak dat u dit sal kan uitbuit wanneer dit kom — soos dit vroeër of later moet kom. U kan die weg van sukses volg wat deur honderde studente van T.A.K.K. betree is wat vandag invloedryke en goed besoldigde betrekkings beklee.

T.A.K.K. se korrespondensiekursusse is sowel leersaam as boeiend. Hulle bied volledige opleiding wat op die hoogte van die tyd is, in 250 vakke aan en staan onder die gedurige sorg van ten volle gekwalifiseerde voltydse en deeltydse lektore met 'n universitêre opleiding.

*Skryf om PROSPEKTUS en VRY advies vir toekomsplanne.*

TRANSAFRIKAANSE KORRESPONDENSIEKOLLEGES
(EIENS.) BPK.

Departement O.B.,
Bus 640,
PRETORIA.

waarby ingelyf is Universiteits-korrespondensiekursusse (Edms.) Bpk., Pretoria en Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege T.O., Johannesburg.

DIE O.B., WOENSDAG, 5 SEPT. 1945.

# Engeland Word Armlastig

Die einde van die oorlog vind Engeland in die posisie dat hy moet kies om as grootmoondheid onder te gaan met behoud van die vriendskap van Amerika of daarsonder. Dit is wat die stopsetting van Amerika se bruikleen-hulp aan die lig gebring het — net 'n keuse tussen metode van ondergang.

Met sy kolossale hulpbronne, gepaard met die feit dat sy nywerhede ongeskonde gebly het, het Amerika uit die oorlog gekom as die grootste handelaar in die wêreld. Solank Engeland besig was om die vyand van sy keel te hou, het Amerika die een Britse mark na die ander verower. Die Britte het besef dat hulle vir goed uit die wêreldmark gedruk is en as laaste strooi het hulle gegryp na isolasie van die Ryk as 'n sterlingblok teenoor die Amerikaanse dollar-imperialisme. Deur sy dominiums en kolonies te verplig om net van sterling gebruik te maak in die wêreldhandel, het Engeland probeer verseker dat hulle hoofsaaklik van hom sal koop, en sodoende sy lewensbloed — uitvoerhandel — in omloop hou. Maar deur dit te doen het hy hom die gramskap van die Amerikaanse nyweraars op die hals gehaal wat daardie geslote markte binne die Britse Ryk wil gebruik. Dit het gelei tot die staking van bruikleen-hulp aan Engeland.

Engeland word dus nou verplig om die ringmure om sy Ryk te sloop en sy markte oop te gooi vir die vlymende Amerikaanse mededinging, of om sonder verdere bruikleen-hulp klaar te kom en kontant te betaal vir al sy benodighede in die buiteland. Albei is vir Engeland ewe onmoontlik.

## HULPBEHOEWEND

**Afgetakel en op die rand van bankrotskap tree Engeland nou uit die oorlog as 'n hulpelose ou man wat steun soek om op te leun.** Die een moontlikheid is finansiële hulp van Amerika — in ruil, natuurlik, vir die oopgooi van sy koloniale markte vir Amerikaanse uitvoer — en die ander, hulp van die dominiums. Volgens die Londense Daily Mail moet laasgenoemde moontlikheid gevolg word, naamlik samewerking van die sterling-lande. Die Ryk moet sy eie handel opbou en aanmoedig.

**„Hierdie rigting beteken die moeilike pad na welvarendheid, maar ons behoort dan sterk en onafhanklik uit te kom, nog as 'n wêreldleier en nie 'n klandisie-staat nie,"** aldus die Britse blad.

Die „ons" wat wêreldleier moet bly, is nie die Ryk nie, maar Groot-Brittanje, maar die „ons" wat die moeilike pad moet volg, is wel die Ryk. **Suid-Afrika sal dus saam met die ander Britse dominiums en kolonies die moeilike weg moet volg ten einde Engeland weer op die been te bring as 'n wêreldleier.**

Die wêreldgety het verander. Die Britse Imperialiste in ons land wat vir meer as 'n geslag die republikeinse strewe bekamp het met krete dat Engeland ons moet beskerm, word nou deur hul eie propaganda-golwe op die rotse geslinger. **Suid-Afrika moet Engeland beskerm teen ekonomiese ondergang. Dit is wat selfs die trotse Brit nou openlik erken.**

## GENADEBROOD

'n Nu-Seelandse politikus het reeds die noodoproep heruitgesend: „Die ou moederland staar 'n krisis in die gesig. Hy is deur die oorlog uitgeput, en die dominiums moet die posisie in oënskou neem."

En in ons eie land is 'n sterk beweging aan die gang om Engeland genadebrood aan te bied. Dag en nag word daar by die regering geagiteer om „opofferings" in die vorm van voedsel ten bate van Engeland te maak. **Dit is maar die voorspooksels van die prys wat Suid-Afrika nou sal moet betaal, nie vir sy eie beskerming nie, maar vir dié van geruïneerde Engeland.**

Suid-Afrika is reeds besig om met die een ooreenkoms na die ander sware opofferings te doen in belang van Engeland. Dit geld reeds vir ons lug- en skeepvaartkontrakte, waar Suid-Afrika hom op onwinsgewende grondslag aan Britse belange verpand. In die Engelse pers van ons land gaan daar 'n geroep op om blinde trou aan Britse koopware — „Buy British"! is die slagkreet, goed of sleg. Engeland moet lewe!

Inderdaad is dit 'n moeilike pad vir Suid-Afrika om Engeland op die been te help bring! En nog moeiliker sal dit vir die imperialiste wees om te beduie watter voordele daar nog vir ons binne die Britse Ryk kan wees. Engeland is besig om dood te bloei, en daarmee ook die imperialistiese propaganda in ons land.

## PERS VERWELKOM

Op 2 Aug. het genl. Lubbe van Fauresmith die offisiere van die manne- en vroue-kommando toegespreek en besonderhede omtrent Perskor meegedeel. Algemeen word so 'n pers verwelkom. Die middag is 'n braaivleis-funksie ten bate van O.B.-dag gehou en £15 is ingesamel.—(Ingestuur).

## BOEREJEUG HELP

Met Fondsdag het ons Boerejeug van Nelspruit weer gewillig saamgewerk en die groot O.B.-dames help skink en pannekoek bak. Ons het ook ons eie tafel gehou wat die mooi bedrag van £4.14.8 opgebring het. —(Ingestuur).

(Aan die insender: Nuusberiggies plaas ons gratis. Stuur maar gereeld. — Red.)

# DIE NUWE ATOOMBOM

(Deur prof. J. A. Wiid)

In ons laaste artikel het ons reeds melding gemaak van die finansiële atoombom wat die Amerikaanse bondgenoot op Brittanje gelos het toe hy die bruikleen-ooreenkoms sonder oorlogpleging met laasgenoemde beëindig het. Ons het ook verneem dat die Britse leiers hierdie Amerikaanse optrede „baie ernstig en onrusbarend" noem en dat die nuwe atoombom in Downingstraat die oorsaak van „much bewilderment" is.

## DIE BOM EN DIE BRITSE FINANSIëLE POSISIE

Soos bekend het Amerika reeds £10,000 miljoen se ware volgens bruikleen gelewer en dit is begryplik dat hy nou oorslaan van die verniet-basis na 'n normale kredietbasis. Dit was trouens ook vanaf die begin in die bruikleen-wet bepaal dat hierdie bruikleen met die oorlog sal eindig.

Wat Brittanje betref het hy tot dusver meer as £7,000 miljoen se voorrade volgens bruikleen uit Amerika ontvang. Vandag het hierdie sterk fontein skielik opgedroog en dit nogal op 'n tydstip wat vir die Britte buitendien baie kritiek is: nie alleen ly Brittanje nog aan etterende oorlogswonde nie, maar die moeilike oorskakeling van 'n oorlogshuishouding na 'n vredeshuishouding sal al die vernuf en vindingrykheid van sy leiers en die taaiste volharding van sy volk nodig hê.

Soos bekend beloop Brittanje se oorlogskuld vandag £22,400 miljoen en daarop is die rente alleen £400 miljoen per jaar. Dit is waar dat die grootste gedeelte van hierdie reusagtige oorlogskuld 'n binnelandse skuld is, wat die Britte maar onder mekaar sal moet vereffen. Dit is egter die oorlogskuld van £3,500 miljoen aan die vreemdeling, aan die buiteland, wat vir die Britte die meeste kommer baar. As Brittanje hierdie oorlogskuld van £3,500 miljoen wat nog tot £5,000 miljoen sal styg, soos verwag word, oor 'n periode van 30 jaar en teen die geringe rentekoers van slegs 2⅜ persent moet afbetaal, volgens Amerikaanse voorstelle, dan sal die Britte £250 miljoen per jaar moet vind. As in aanmerking geneem word dat Brittanje ná die vorige oorlog wanbetaler gebly het, ofskoon sy skuld toe maar sowat een-derde van die huidige beloop het, en dat die betalingsbalens van die verarmde na-oorlogse Brittanje volgens Attlee nou 'n jaarlikse debet van £1,200 miljoen toon teenoor 'n debet van £55 miljoen in 1938 wat toe reeds groot besorgdheid gebaar het, dan behoort die kritieke finansiële posisie van die Britte aan elkeen duidelik te wees.

Waar gaan Brittanje die geld kry om hierdie reusagtige skulde- en rentelaste te betaal? Soos bekend het hy reeds £700 miljoen per jaar van sy buitelandse bates vir die oorlogvoering opgebruik, sowel as £530 miljoen per jaar van sy tuisbesittings gelikwideer. Hy het ook reeds sy produksie met 20 persent verhoog en sy verbruik met 18 persent verlaag. Ten spyte van dit alles het hierdie onbetaalbare skulde opgeloop. En nou het ook die Amerikaanse hulp weggeval!

## DIE REDMIDDELS?

Die vraag is hoe gaan Brittanje uit die finansiële moeras kom waarin die Tweede Wêreldoorlog hom laat beland het? Sal daar ooit weer in die toekoms soos in die negentiende eeu van 'n ryk en welvarende Brittanje sprake kan wees? Op die oomblik lyk dit of daar van Britse finansiële rehabilitasie in die besonder sowel as dié van die wêreld in die algemeen geen sprake kan wees sonder grootskaalse Amerikaanse hulpverlening nie, in watter vorm dit ook al mag geskied. Die werk van die Amerikaanse professor A. H. Hansen: **America's Role in the World Economy** wat so pas verskyn het, is in hierdie opsig baie insiggewend. Alleen **met** Amerika en nie **sonder** Amerika nie en veral nie **teen** Amerika nie is Britse en wêreldrekonstruksie moontlik. Die Amerikaners kan vandag die liedjie sing wat die Britte in die 19de eeu gesing het: „We have got the ships, we have got the money and we have got the men".

Daar sal Britte wees wat hulle teen hierdie Amerikaanse hoofrol in die toekomstige wêreldbedeling gaan verset. Deur middel van **devaluasie** van die pond sterling, 'n strenge beheer oor die pryse van eie fabrikate en die gevolglike manipulasie van die markte van Sterlinglande, gaan die Britte waarskynlik probeer om Amerikaanse toegeeflikhede af te dwing. Al hierdie middels gaan egter gevaarlik wees ook vir Brittanje self en vir daardie Sterlinglande wat dit gaan waag om die ongelyke stryd teen die Amerikaanse Kolos aan te bind. Die leier van die opposisie in die Nu-Seelandse parlement het 'n paar dae gelede gesê dat „die ou moederland 'n krisis in die gesig staar. Hy is deur die oorlog uitgeput, en die dominiums, met inbegrip van Nu-Seeland, moet die posisie in oënskou neem. As Brittanje ondergaan, dan gaan ons onder. Waar Brittanje gaan, gaan ons, oorlog of vrede".

Gaan ook Suid-Afrika die sentimentele liedjie en die kunsmatige geneesmiddels van hierdie Nu-Seelander gebruik of gaan **Suid-Afrika** eerste tog eindelik seëvier? Daar is hoop, want die Durbaniete hou van Amerikaanse motorkarre!

## VERLIES VIR PAARL

Die Paarlse O.B.-kommando is op 29 Augustus swaar getref deur die afsterwe van mnr. Louis H. de Villiers. Hy was 'n bekende prokureur en 'n krag binne die Ossewa-brandwag. Hy was 'n rebel in die Tweede Vryheidsoorlog en was 'n tyd lank opgesluit in die tronk te Beaufort-Wes. Hy laat 'n weduwee, drie seuns en 'n dogter na.

## 'n Gesellige O.B.-Aand

word gehou op

**SATERDAG, 15 SEPTEMBER**

in die

**HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD**

om 7.45 n.m.

Die O.B.-Blaasorkes sal optree en vertonings sal gegee word deur die O.B.-Wag. Verder 'n Samespraak en Gesamentlike Sang. **Bring u O.B.-Bundels saam.** Die Gebiedshoofkwartier nooi al die Offisiere en Brandwagte om saam 'n aangename aand te kom deurbring.

# Erwe Van Ons Vaders

In Kaapstad is verlede week 'n stuk grond aan die hoofstraat verkoop vir £72,500. Die koper was ene Isidore Cohen en hy betaal ongeveer £150 per vierkante jaart daarvoor. Van hom berig die Cape Times dat hy 'n man is „wat grond koop net wanneer hy lus het". Hy het sy loopbaan begin met 'n meubelwinkel. Vandag verklaar die koerant as volg van hom:

„'n Gedeelte van mnr. Cohen se fortuin het in die Sakrivier-eiendomme gegaan, waar hy sy grond eerder by die vierkante myl as by die morg beheer. 'n Ander groot onderneming wat mnr. Cohen beheer, is naby Ceres, waar hy 25,000 morge grond besit".

# ENGELSE VROU OOR RUSSIESE OPTREDE IN POLE

## „Kan Jaar se Bevryding Oorleef"

Interessante lig word gewerp op die Russiese optrede in Pole deur 'n Britse vrou wat die afgelope jare in Pole woonagtig was en by haar terugkeer ondervra is deur die „Catholic Times". Die vrou, met die naam van Short, het gesê dat die Russiese besetting erger was as die Duitse. In die woorde van die Pole word die toestand as volg opgesom: „As ons 5½ jaar se besetting oorleef het, sal ons darem een jaar van bevryding kan oorleef!"

Onder die Duitsers het die Pole darem nog 'n bietjie kos gekry, verklaar sy, maar toe die Russe kom, het hulle die gewone rantsoenkaartjies gekry maar geen kos nie.

Werk kon alleen verkry word as jy lid word van die kommunistiese party, en selfs dan was die salarisse op 'n vooroorlogse skaal wat heeltemal onvoldoende was, aangesien die oorlogsprys vir botter 150 maal soveel was as in vredestyd, en die prys van brood 500 maal meer.

Die verdeling van die land onder die landelike bevolking het die boere te min grond verskaf om op te bestaan, en het geen vee of gereedskap ingesluit nie. „Hierdie beleid was 'n doelbewuste poging om die land te verswak en dit in groter ellende te dompel."

In verband met die ontvoering van Poolse burgers, verklaar sy dat hele families in beestrokke gelaai is vir deportasie na Rusland of ander dele van die land.

Engelse offisiere met wie mej. Short gepraat het, het hul besorgdheid oor die toestand uitgespreek en gesê: „Ons laat hulle in die steek." Meer as 80 persent van die Poolse volk het die Londense regering aanvaar as hul owerheid. **Van die nuwe Poolse regering het sy gesê dat dit die slegste elemente van die volk insluit. Beirut, die premier, is 'n agent van die Russiese geheime polisie.**

Die Russe het sorg gedra dat niemand van buite die land binnekom nie. Selfs die Rooi Kruis en beamptes van Unrra (die Geallieerde organisasie vir hulpverlening aan bevryde gebiede) is belet om dit te doen.

Nie net is die Poolse werkers ontvoer nie, maar ook masjinerie is deur die Russe beslag op gelê. „Dit is duidelik dat Rusland Pole van hom afhanklik wil maak.

Wat die kerke betref, het die Russe dit nie sonder meer gesluit nie, dog hoë belasting daarop gelê wat die mense nie kon bybring nie. Daarna is hulle gesluit met die verskoning: „Die mense wil dit nie meer hê nie."

## PIETERSBURG-VROUE BEDRYWIG

Die Pietersburgse Vroue-kommando leef en werk nog.

Op 16 Julie, tydens die besoek van die K.G., is 'n mooi tentoonstelling in die Stadsaal gehou van naaldwerk, gebak, konfyt en speelgoed. Ook is verversinge verkoop wat 'n mooi bedrag ingebring het.

'n Aantal van ons offisiere het onlangs elk met 5/- gewoeker en die opbrengs was as volg: Veldkornette Reyneke £12; korpl. Van den Berg £5; Asst.-veldkte. Muller £2: serse. Adendorf £1-10-0; serse. Viviers £1-2-0; kommandante Venter 17/6; asst.-Veldkt. Roux £1-10-0; offisiere Hofmeyr, Steenberg, Coetzee, elk £1; Jeugkomdte. Du Preez £1-1-0.

Ons moes afskeid neem van een van ons flukse veldkornette, nl. mev. Reyneke, wat na Witbank verhuis het, na slegs 7 maande van ywerige diens.

Ook die Boerejeug presteer onder leiding van hulle ywerige en onvermoeide kommandante, mev. S. M. du Preez. Hulle tel reeds 28 dogters en 23 seuns.

## Nuwe Lewe en Lede Op George


Ons fees wat op 17 Augustus gehou is, was nieteenstaande die belemmerings van die onverwagte vakansiedae die suksesvolste en die aangenaamste wat ons nog hier op die dorp gehad het, berig komdt. J. A. Hurter van George. Nie alleen was die opbrengs 'n rekord — tot dusver is reeds £154-4-11 in kontant ontvang — maar die gees van vriendelike samewerking, opgewektheid en offervaardigheid was ook onverbeterlik.

Hoofkomdte. mev. Cecil Gericke van Voorbaai het in 'n boeiende toespraak die verrigtinge geopen. Sy het die hoofpilare van ons beleid, te wete republikanisme (nasionalisme) en sosiale opheffing, uiteengesit en nadruk gelê op die rol wat die vrou moet speel.

Die kinders het weer hul deel ook gedoen. Nellie Meyer het by voorbeeld blomme bymekaar gemaak en toe 17/6 ingevorder deur ruikertjies te verkoop. 'n Ander Boereseun het 'n vliegtuigie gemaak, wat, hoewel daar geen atoombom in was nie, tog onverwinlik is, want die liefdesoffer van 'n kind beteken meer vir 'n volk as die sterkste wapen.

**Die O.B. het hier uit sy winterslaap wakker geskrik en daar is nuwe lewe en lede. Ons gaan nou die lente tegemoet.**

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



K. O. Fischer van Pretoria.

**Op 24 Julie 1940 geïnterneer. In Durban in hegtenis geneem en opgesluit in die volgende kampe: Andalusia, Leeukop, Ganspan, Jagersfontein en Koffiefontein. Tans weer vry.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".**

# OGIES IN DIE NUUS

### *GEORGANISEERDE TWIS*

Tydens die tussenverkiesing in Kimberley-distrik het die party-koerante gewemel met opskrifte van hierdie soort: „Gesuiwerde Vraesteller Blaas Aftog", „Sap-kandidaat vlug van sy Eie Vergadering", „V.P.-Sprekers op Taungs Kies Hasepad."

In 'n eenheidstaat, waar samewerking die grondslag van die volkspolitiek vorm en nie partygetwis nie, sal die volk nie meer op hierdie soort onsmaaklikhede getrakteer word nie.

### *VERSTAND OF LIEFDE?*

Genl. Smuts het voorverlede week aangekondig dat Suid-Afrika nou 'n eie vloot moet kry. Ons moet ons eie kuste kan beskerm en vir ons eie toevoer sorg.

Sou hierdie beleidsaankondiging 'n aanduiding wees dat genl. Smuts nie meer vertroue in die beskerming van die Britse vloot het nie, of sou dit 'n poging wees om deur die opkoping van Engeland se ou skepe 'n bydrae te lewer tot die op-die-been-help van die afgematte ou moederland?

### *ONSTANDVASTIGE GELOOF*

Die Volksblad, in 'n smekende pleidooi om O.B.-stemme, verklaar op 23 Augustus as volg: „Ons glo dat die Brandwagte in Kimberley Distrik op 5 September sal blyk net sulke goeie Afrikaners as die Wakkerstromers te wees."

Die O.B.-lede in Kimberley-Distrik wonder maar net waarom die H.N.P.-leiding nie op 15 Junie dieselfde geloof in hul goeie Afrikanerskap geopenbaar het toe hulle uitgeskop is nie!

### *DAREM 'N REDE*

„Daar is geen rede waarom die Nasionale Party nie soos in die verlede die oorwinning sal behaal nie," het dr. Malan verlede week te Graafwater gesê.

Daar is egter wel 'n rede en dit is dat die ou Nasionale Party onder genl. Hertzog se leiding bereid was om selfs met nie-republikeine soos die Engelsgesinde Arbeidersparty saam te werk, terwyl dr. Malan vurige republikeine wat binne sy party sit, uitskop.

### *NUWE BESIGHEIDSBEGINSEL*

Die Minister van Landbou het aan die lig gebring dat die Unie-regering onlangs 'n groot hoeveelheid beesvleis aan „hongerlydende" Engeland te koop aangebied het teen dieselfde prys as wat die produsent daarvoor ontvang. Dit is geweier omdat Engeland vleis teen 'n laer prys in Australië en Argentinië kan koop. Nou het die regering 5,000 karkasse tot die beskikking van die lojale Engelse in ons land gestel om dit as 'n geskenk te oorhandig aan Engeland. Die waarde van goedere wat so aan Engeland gegee sal word, beloop £150,000.

Klandisie in Suid-Afrika sal hierdie transaksie as goeie besigheid beskou slegs as hul winkeliers ook die beleid begin volg om 'n ding present te gee as hulle weier om die prys te betaal.


*'N MOOI LEERSAK is baie belangrik by u uitrusting. Kry dit by*

Steyns

Die Dames-Winkel
PAROW

# UITSTEKENDE GELEENTHEDE

vir

## Jong Manne

'n Firma wat vinnig uitbrei benodig ywerige jong manne as boekhouers, stoormanne en verkopers. Goeie vooruitsigte aangebied. **Besondere geleenthede vir geskikte persone om hulle na bestuurdersposte op te werk.** Meld ouderdom, opleiding en ondervinding; en

Stuur afskrifte van getuigskrifte en referensies aan:

X — Posbus 1411, Kaapstad.

# SCHOEMANELLO DRANK...

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissie. | Per gelling in vaatjies van 5 gels. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terugbesorg word. Weens bottelskaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**

**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**

